RAADSBELEID

ONDERWERP : FOTOSTATE VAN BOUPLANNE

VERWYSING : 5.20.1.6

BESLUIT NR : 29/10/2002 DATUM : 28 Oktober 2002

BELEIDSOOGMERK : Die maak van bouplan afdrukke op versoek van lede van die publiek, sonder om enige regte soos kopieregte, ens., te skend.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Om binne die raamwerk van die Wet op die Argitektuursprofessie, 2000 (Wet 44 van 2000) en as diens aan die plaaslike gemeenskap, ‘n instrument daar te stel vir die verskaffing van fotostate van bouplanne aan die publiek.

RIGLYNE

1. Dat, voordat die Raad enige afdrukke van bouplanne aan enige persoon sal voorsien, die aansoeker eers by die betrokke tekenaar of argitek toestemming moet verkry.

2. Dat fotostate van bouplanne slegs voorsien word aan geregistreerde eienaars van die betrokke eiendom en aan persone wat skriftelik deur die eienaar gemagtig is om 'n plan van sy eiendom te bekom.

PROSEDURE

1. Alle versoeke vir die maak van planafdrukke moet by die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer geloods word.

2. ‘n Skriftelike bewys van toestemming deur die argitek of tekenaar moet die aansoek vergesel.

3. Bewys moet ook gelewer word van die eienaarskap van die eiendom waarvoor die planafdruk aangevra word.

4. Die aansoek moet deur die voorgeskrewe tarief, soos vervat in die tarriefbundel, vergesel wees.

ROLLE

1. Die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer.
2. Die Subdirektoraat Finansies is vir die ontvangs van die voorgeskrewe tarief verantwoordelik.

VERWANTE BELEID

1. Die tariefbundel
2. Wet op die Argitektuursprofessie, 2000 (Wet 44 van 2000)

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.